

22 Januarie - BARMHARTIGHEID

Skrifgedeelte: Matteus 5:1-12

Fokusgedeelte: Matteus 5:7

As God praat, gebeur wat Hy sê. As Jesus mense salig spreek, is hulle salig. As Hy dié wat barmhartigheid betoon, seën, is hulle geseënd.

Onthou, elkeen van die nege saligspreuke verwys na 'n kenmerk wat by elke kind van God aanwesig is. Elkeen wat onder die heerskappy van Koning Jesus Christus staan, elke burger in God se verlore koninkryk, dra hierdie kenmerke. Jesus bring ons as 't ware voor 'n spieël en sê: Kyk of jy hierdie kenmerk wat die Heilige Gees werk, in jou lewe vertoon: *“Salig is die barmhartiges, want hulle sal barmhartigheid ontvang.”*

Ons ken die woord *barmhartigheid* uit die afkondiging van die kollekte tydens die erediens, wanneer ons wat het, ons ontferm oor dié wat nie het nie, en vir hulle 'n aalmoes gee.

Lukas 6:36: *“Wees dan barmhartig soos julle Vader in die hemel barmhartig is.”*

Die woord *barmhartigheid* is oorspronklik afkomstig uit die regspraak. Wanneer 'n beskuldigde skuldig bevind is, kon die veroordeelde pleit om versagting, om begenadiging. Die regterlike daad om iemand te begenadig, is om barmhartigheid te bewys; dus om jou oor iemand te ontferm. Dit beteken om nieteenstaande iemand se oortredinge wat ellende oor hom gebring het, medelye aan hom te betoon.

Dit gebeur in die gesindheid van: *“God verbied dit. Mag dit nie gebeur nie.”* God verbied jou veroordeling om Christus ontwil – die Heilige Gees sal verhoed dat dit gebeur; daarom barmhartigheid.

Dink uself in wat eintlik gebeur het: ons, wat tot die ewige doodsverdoemenis kragtens ons sondes veroordeel is, het barmhartigheid ontvang. Die verskriklike oordeelsbeker wat ons moes drink, het Christus namens ons en in ons plek gedrink. God se barmhartigheid is niks anders nie as begenadiging, vryspraak van ons doods vonnis, vergewing.

God verbied jou veroordeling om Christus ontwil – die Heilige Gees sal verhoed dat dit gebeur.

Sing: Psalm 18:1, 12

Ds PK Lourens (Bloemfontein)